

**5 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 85**  
**Fokusgedeelte: Psalm 85:9**

**Luister eers, dan praat!**

'n Mens het twee ore en een mond gekry. Ons manier van doen, wys meesal die teendeel: twee monde en een oor. Al die gepraat, al die uitsprake, al die beloftes ... ai tog! Niks verbeter in menselewens nie.

As die Here ons roep tot getuienis, dan gaan verstand oor in hoogste rat. Wat en hoe moet ek sê? Psalm 85 is vol getuienis. Uit die mond van die Koragiete 'n getuienis van God se goedheid (vs 2), sy vergiffenis (vs 3 & 4) en sy voorsiening (vs 13).

Om 'n getuie van die Here te wees, vereis nie 'n vermoë om goed te kan praat nie. Eerstens die vermoë om goed te kan luister. Want wie goed luister, kry eerstehands getuienis van God se goedheid, vergiffenis en voorsiening. Goed luister word 'n ervaring van God. Jesus sê in *Johannes 12:49*: "Ek het nie uit my eie gepraat nie, maar juis die Vader wat My gestuur het, het My opgedra wat Ek moet sê en wat Ek moet praat." Wanneer Hy weer na sy praat in *Johannes 14:10* verwys, getuig Hy van die intieme verhouding tussen Hom en God. So intiem is die verhouding dat die Vader in Hom werk. Die goed luister na God is meer as woorde. Dit is ervaring van God self: van sy goedheid, vergiffenis en sorg.

Wanneer jy self so luister dat jy God beleef, is jy oortuig van sy goedheid, van vergewing van sonde, van sorg in 'n nuwe lewe. Jy hoef jou nie te bekommer oor wat jy moet sê nie. Jy kan nie anders as om God aan die woord te laat kom nie. Want God sal die pad maak vir sy koms.

*Sing: Psalm 85:1, 3 (1936)*

*Ds. CA Jansen (Secunda)*